

Wat ware geluk regtig is!

Maandag 22 November 2021

Luk 11:27-28

27) “Terwyl Jesus nog besig was om te praat, het 'n vrou uit die menigte hardop uitgeroep en vir Hom gesê: “Hoe bevoorreg is die vrou wat U in haar liggaam gedra en aan haar bors gevoed het!” 28) Maar Hy sê: “Nog meer bevoorreg is hulle wat die woord van God hoor en dit onderhou.”

Wat is ware geluk vir ‘n christen. Ja as ons nou moet dink vir ‘n christen: Wat is ware geluk regtig? Wat beteken ware geluk? Hoe moet ons dit soek of dit verkry? Wanneer kan ek sê: Jy is waarlik gelukkig, as christen?

Hierdie twee verse se inhoud kry ons net in die evangelie van Lukas. Ook geen wonder nie, want Lukas het alles deeglik nagevors voordat hy onder leiding van die Heilige Gees dit opskryf het.

Een van die uitsonderlike kenmerke van die evangelie van Lukas, is dat Jesus keer op keer, vrouens met baie liefde en sagmoedigheid hanteer. Dink byvoorbeeld aan ...

- Maria, Jesus se moeder.
 - Elisabet, Maria se tannie. Luk 1,2
 - Anna die profetes.
 - Johanna die getroue navolger van Jesus Luk 2:36-38; Luk 8:3; Luk 24:10
 - Maria, die suster van Lasarus en Martha Luk 10:38-42
 - Die weduwee van Nain Luk 7:11-18
 - Die sondige vrou wat Jesus se voete gesalf en met haar hare afgedroog het. Luk 18:1-8
 - Maar ook Jesus se liefde vir alle mense ook mans wat swaargekry het, ongeag ras...
 - Die barmhartige Samaritaan Luk 10
 - Die verlore seun. Luk 15
 - Die Fariseer en die tollenaar. Luk 18
- Jesus se algemene liefde en genade...
Luk 3:6 “En al die mense sal die verlossing sien wat van God kom.”

Dit is duidelik dat die vrou wat hierdie woorde geuiter het, in die skare gestaan het en met verwondering na Jesus geluister het. Sy het so onder die indruk van Jesus se wysheid, Sy Woorde, opregtheid, van wie Hy werklik is. Sy het as ‘n ware so meegevoer geraak dat sy nie anders kon as om uit te roep: “Hoe bevoorreg is die vrou wat U in haar liggaam gedra en aan haar bors gevoed het!”

Natuurlik was sy reg. Het Elisabet nie soortgelyke uitspraak gelewer oor Maria nie.

Luk 1:41,42,48

41 “Net toe Elisabet die groet van Maria hoor, het die kindjie in Elisabet se moederskoot beweeg, en sy is met die Heilige Gees vervul 42 en het hard uitgeroep: “Geseënd is jy onder die vroue en geseënd is die vrug van jou moederskoot! 48 omdat Hy na my in my geringheid omgesien het. Kyk, van nou af sal elke nuwe geslag my gelukkig noem,...”

Jesus het egter nie ontken wat die vrou gesê het nie. Hy het dit bevestig. Maar nog meer, Hy het ook geopenbaar dat almal wat in Jesus Christus glo, nog meer bevoorreg is.

Ware geluk is nie net wat Maria oorgekom het nie. Met ander woorde dit is nie 'n heilige Maria wat so gelukkig is nie, maar almal wat in en deur Jesus Christus se soenverdienste aan die kruis "geheilig" is. Dit is almal wat waarlik in Jesus Christus glo.

Maria het na God geluister, God wat deur die engel Gabriël, met haar gepraat het, en haarself aan God oorgegee het. **Luk 1:38** "Maria sê toe: "Ek is tot beskikking van die Here. Laat met my gebeur wat u gesê het." Toe het die engel van haar af weggegaan."

So bevoorreg as wat Maria was om Jesus Christus se moeder te wees en Hom in die wêreld te bring, nog meer bevoorreg is elkeen "**wat die woord van God hoor en dit onderhou.**"

Ja, elkeen van ons ...

- wat hierdie boodskap vanmôre hoor,
- wat erns maak met die Woord van God,
- wat die Woord van God wil onderhou,
- wat biddend luister na God...

❖ **IS NOG MEER BEVOORREG AS MARIA.**

Dit is ware geluk!

Dit is ware saligheid!

Dit is ware vrede voor God.

Om die Woord van God te hoor en dit te onderhou!

Ds Gerrit Kruger: Gereformeerde Kerk Centurion: Sel 082 964 5595: gskruger1@gmail.com